

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
5 Maart 1978

Onderwerp: Die tragedie van Lot se lewe

Lees: Génesis 19 verse 12 tot 18

Teks: Génesis 19 vers 14

Sing: Psalm 147 vers 1
Gesang 76 verse 1 en 4

“Voor ons staan die tragiese figuur van Lot. Hy was ’n man wat nie sonder ideale en edele aspirasies was nie. Die Apostel Petrus het hom genoem: ‘... die regverdige Lot ... wat hom baie gekwel het oor die losbandige lewe van die sedelose mense’. (2 Petr 2:7)

“Daar was ’n tyd in sy lewe toe hy onder die invloed was van sy godvrugtige oom, Abraham, en naby sy God gelewe het. Maar hy was nie ’n man met ’n sterk karakter en persoonlikheid nie. Hy het soos ’n klimopplant ineengetuimel toe hy die sterk steun van Abraham verbeur het.

“Hoevêr hy teruggeval het, blyk uit die geskiedenis in ons teksgedeelte. Hy het sy skoonseuns gewaarsku teen die dreigende oordele wat Sodom en Gomorra sou tref. ‘Maar hy was in die oë van sy skoonseuns soos een wat gekskeer.’ (Gén 19:14)

“Broers en Susters, ons wil vanmôre let op die groot tragedie van hierdie vader se lewe en die moontlike oorsake daarvan.

“Ons tref Lot aan op die vooraand van die ondergang van Sodom en Gomorra. In daardie ramp sou hy alles verloor wat hy ten koste van sy geestelike lewe en karakter bymekaar gemaak het. Hy sou kaal uitstap. Nie alleen sy huis en goed nie, maar ook sy posisie van eer en aansien wat hy verwerf het. Dit alles sou in rook opgaan.

“Maar Broers en Susters, dit was nie die grootste tragedie in sy lewe nie. O nee, vir baie mense is daar niks beter as die verlies van hulle aardse goedere nie, omdat daardie goed vir hulle eerder ’n vloek as ’n seën is. Omdat dit hulle in hulle geestelike lewe strem. Ons lees van die Hebreër Christene: ‘julle het die berowing van julle goed met blydschap aanvaar, omdat julle geweet het dat julle in juiself ’n beter en blywende besitting in die hemele het.’ (Hebr 10:34) In vergelyking

met die heilsgoedere wat hulle onvervreembare deel was, het hulle dit nie as 'n verlies gereken en ervaar nie.

“Lot het verloor wat oneindig meer werd was as geld, goed, eer of aansien. Hy het die reg verbeur om tot sy kinders te spreek in die Naam van God. Hy het die reg verloor om diegene wat hy liefgehad het, betyds te kon waarsku. Hy het sy ouerlike invloed verloor.

“Broers en Susters, moenie vergeet nie. Lot het dit in 'n tyd van krisis oorgekom. Groot gebeurtenisse het voor die deur gestaan. Hy is toevertrou met 'n boodskap van lewe en dood en 'n duidelike opdrag om sy skoonseuns te waarsku. Dit het hy ook gedoen: ‘Toe gaan Lot uit en praat met sy skoonseuns wat met sy dogters sou trou, en sê: Maak julle klaar, gaan uit hierdie plek uit, want die HERE gaan die stad verwoes. Maar hy was in die oë van sy skoonseuns soos een wat gekskeer.’ (Gén 19:14) Dit was die treurspel van hierdie man se lewe. En netso was dit die smartlike ondervinding van baie na hom.

“Lot het sy boodskap van die engele ontvang. Dit was ernstig en dringend. Die heil van sy kinders het daarvan afgehang. En moenie vergeet nie, dit was in hierdie krisis situasie sy opregte begeerte dat hulle behoue sou bly. Daarom het hy min woorde gebruik en dringend tot hulle gespreek: ‘Maak julle klaar, gaan uit hierdie plek uit’. Maar hulle het dit as 'n grap beskou.

“Hulle het nie geglo dat sy skielike belangstelling in hulle eg was nie, omdat hy in gewone omstandighede meer in sy eie sake belanggestel het as in hulle geestelike heil. Omdat hy in sy alledaagse lewe maar min erns geopenbaar het, het hulle nie toe in sy ernstigheid geglo nie. Hulle het hom geken as een van hulle, 'n man wat deur eer en rykdom beslag gelê is. Sy karakter en sy lewe as ouer het sy boodskap weerspreek. Sy boodskap was ernstig, maar nie sy lewe nie.

“Broers en Susters, hierdie is 'n ernstige waarskuwing vir elke verbondsouer. Ons is geroep om die lig van die wêreld en die sout van die aarde te wees vir ons omgewing, maar bó alles vir ons huis. Dáár is ons as doopouers geroep om as getuie vir God op te tree en sy Naam groot te maak en voor ons dierbares te bely. Ons moet waarsku met woorde en met ons lewens, veral in 'n krisistyd soos wat ons nou belewe.

“Broers en Susters, God het in hierdie tyd 'n bepaalde boodskap aan u en my toevertrou om aan ons kinders oor te dra en ook aan hierdie wêreld. Is ons

karakter en wandel sodanig dat ons die vrymoedigheid het om met hulle wat vir ons lief en dierbaar is, in die Naam van die HERE te spreek?

“Ons vermaan ons kinders ernstig en bid selfs vir hulle. Maar is die heilige Naam van God in ons alledaagse lewe vir ons ’n stopvloekwoord? Óf pleeg ons bedrog, óf doen ons dinge wat met ons Christelike belydenis strydig is? Dan is dit geen wonder dat kinders, wat die teenstrydighede tussen die belydenis en die daaglikse lewe van hulle ouers raaksien, hulle ouers nie ernstig opneem nie.

“Is dit moontlik dat Lot se skoonseuns nie gered is nie, omdat hyself nie in die regte verhouding met sy God gestaan het nie? Ek stel my voor dat hy hom gekwel het oor die hardkoppigheid en onverskilligheid van sy kinders. Hoe dikwels hoor ons ouers kla oor hulle kinders by wie daar min liefde vir God se huis en die dinge van sy koninkryk is?

“Mag ons in alle liefde en erns vra: Is hierdie onverskilligheid en wêreldsgesindheid rondom ons nie te wyte aan ons eie gebrekkige geestelike lewens nie? Die Bybel sê: ‘Julle is die sout van die aarde, maar as die sout laf geword het, waarmee sal dit gesout word? Dit deug nêrens meer voor as om buite gegooi en deur die mense vertrap te word nie.’ (Matt 5:13)

“Wat was die moontlike oorsake van hierdie tragedie in Lot se lewe? Hoe het dit gekom dat hierdie man gediskwalifiseer is om die boodskap van God met goeie gevolg oor te dra? Wat het hom sy invloed ontnem?

“As ons dit moet opsom, sou ons kon sê: Hy het sy houvas op sy huisgesin verloor, omdat hy sy houvas op God verloor het. Hy het onwetend van hierdie fondamentsteen weggedryf. Toe hy voor die belangrike keuse van sy lewe te staan gekom het, soos trouens almal van ons op een of ander tyd kom, het hy sy geestelike lewe nie in aanmerking geneem nie. Hy het hom in plaas daarvan laat lei deur sy aardse belange en voordeel. En in hierdie hebsugtigheid het hy Abraham vergeet, wat soveel geestelike goed vir hom gedoen het.

“Hy het gekies met die oog op tydelike welvaart en sy tente opgeslaan tot by die goddelose stede. Hy het seker nie gedroom om ooit in Sodom of Gomorra te lande te kom nie. Hy het hierdie stede slegs gesien as afsetgebied vir sy produkte. Dit het egter nie lank geduur nie of hy was een van hulle. Hy het rykdom, eer en onderskeid verwerf, maar teen ’n dure prys. In sy

goddelose omgang het hy sy ideale prysgegee en sy Godgegewe beginsels verloor. Die sout het smakeloos geword.

“Broers en Susters, daar is baie dinge wat ons ook in hierdie lewe smakelose sout kan maak in ons gesinsverband en ons invloed kan laat kwyn. Klein onopregthede in ons woorde, geringe afwykings van die waarheid, ligsinnigheid, byna onopsigtelike dalings benede die standaard van eerlikheid, ensovoorts kan dit doen. Hierdie dinge kry soms heerskappy in ons lewens. En wanneer ons dan as priester van die huis moet optree en waarsku, dan kan dit nie anders dat ons in die oë van die wat ons wil bestraf, is soos een wat gekkeer nie. Nee ouers, ons lewe en woorde moet mekaar nie weerspreek nie. Dit is fataal in die geestelike opvoeding van ons kinders.

“Kyk wat ’n teenstelling was Abraham se lewe. Hy het nie sy eie belange voorop gestel nie, maar die eer van God. Hy het nooit sy eie voordeel gesoek nie, maar die guns van God. Hy het hom nie met goddelose mense vermeng nie, maar hom afgeskei en by sy tent ’n altaar vir God gebou. Hy het uiteindelik as voorspraak vir Lot opgetree.

“Die ouer wat sterk teen hierdie wêreld aanleun en hom met die wêreld vermeng, kan nie ’n suiwer getuie van die HERE wees nie.

“Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem.’ (2 Kor 6:17)

“Dan sal dit wel wees met jou land, jou volk en jou huis.

“Amen.”